Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## EKONOMIE VRAESTEL 1

## NOVEMBER 2018

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 20 bladsye.**

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 D – vier ✓✓
1.1.2 B – inspuiting ✓✓
1.1.3 C – besteding ✓✓
1.1.4 A – massaproduksie ✓✓
1.1.5 A – bruto nasionale ✓✓
1.1.6 B – nywerheidsontwikkelingsone ✓✓
1.1.7 C – ruilvoet ✓✓
1.1.8 A – per capita bruto binnelandse produk ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 BYPASSENDE ITEMS

1.2.1 I – die oordrag van funksies en eienaarskap van entiteite van die privaat- na die publieke sektor ✓

1.2.2 F – toon verwagte inkome- en besteding vir 'n drie-jaar tydperk ✓

1.2.3 G – voorgeskryf deur die Verenigde Nasies vir die samestelling van BBP-syfers ✓

EcoleBooks

1.2.4 E – die beweging van inkome en besteding tussen deelnemers in die ekonomie ✓

1.2.5 H – handelsbeleid wat probeer om die binnelandse ekonomie te beskerm deur die invoer van goedere en dienste te beperk ✓

1.2.6 D – meet inkome-ongelykheid en rykdom ✓

1.2.7 A – aantal jare wat 'n persoon sal leef na geboorte ✓

1.2.8 C – aanwyser wat gebruik word om prysverandering van plaaslik geproduseerde goedere te meet sodra dit die fabrieksvloer verlaat ✓ (8 x 1) (8)

### 1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Betalingsbalans ✓
1.3.2 Oordragbetaling ✓
1.3.3 Storting ✓
1.3.4 Ekonomiese groei ✓
1.3.5 Repokoers / terugkoopkoers ✓
1.3.6 Monetêre ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

## VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem die TWEE finansiële markte in die ekonomiese kringloop model.**

- Geld ✓
- Kapitaal ✓
- Buitelandse valutamark / Forex ✓ (2 x 1) (2)

2.1.2 **Watter effek sal 'n daling in inkomstevlakke op internasionale handel hê?**

- 'n daling in inkomstevlakke impliseer dat minder geld spandeer word op goedere en dienste internasionaal ✓✓
- daling in vraag binnelands en internasionaal wat tot 'n daling in internasionale handel lei ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

ÉcoleBooks

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer die wisselkoersstelsel in die grafiek hierbo.**

Vryswewend ✓ (1)

2.2.2 **Wat was die oorspronklike rand/dollar wisselkoers voordat die vraag na die VS-dollar gestyg het?**

R13,00 = $1 ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *wisselkoers*.**

Die koers waarteen een geldeenheid vir 'n ander verruil word / die waarde van een land se geldeenheid in terme van 'n ander land se geldeenheid ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.4 **Hoe het die stygende vraag na VS-dollar die waarde van die rand beïnvloed?**

Die waarde van die rand het gedepresieer van R13,00 tot R14,00 teenoor die dollar/die rand depresieer met R1 / rand het verswak ✓✓ (2)

2.2.5 **Wat kan die Reserwebank doen om die waarde van die rand teenoor die dollar te versterk?**

Die Reserwebank kan die waarde van die rand versterk deur:

- verkope van VSA dollars in reserwe op die buitelandse valutamark om 'n ooraabod te skep ✓✓
- verkope van goudreserwes op die internasionale mark om 'n ooraanbod te skep ✓✓
- verkryging van finansiële bystand van die Internasionale Monetêre Fonds om die invloei van buitelandse valuta te verhoog ✓✓
- verhoging van die repokoers om belegging deur buitelanders in die Suid-Afrikaanse ekonomie te stimuleer ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

## 2.3 DATARESPONS

2.3.1 **Identifiseer die produksiefaktor in die tabel, wat die grootste deel van die nasionale inkome ontvang.**

Arbeid ✓ (1)

2.3.2 **Watter metode is gebruik om die syfers hierbo te bereken?**

Inkome ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term basiese pryse.**

Basiese pryse is die koste wat deur die produsent aangegaan is waarby belasting op produkte bygetel is en subsidies op produkte afgetrek is ✓✓ (2)
(Aanvaar enige ander korrek relevante antwoord)

2.3.4 **Verduidelik kortliks hoe subsidies produksie kan beïnvloed.**

Subsidies op produkte is betaalbaar deur die owerheid aan verskaffers om:
hulle produksiekoste verlaag / hulle aan te moedig om uitset te verhoog ✓✓ (2)

2.3.5 **Bereken Bruto Binnelandse Produk teen markpryse (A). Toon alle berekeninge.**

| | |
|---|---|
| Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse | 3 871 214 ✓ |
| PLUS: Belasting op produkte | 484 059 ✓ |
| MIN : Subsidies op produkte | 16 415 ✓ |
| **BBP teen markpryse** | **4 338 858** ✓ |

**OF**

3 871 214 ✓ + 484 059 ✓ - 16 415 ✓ = **4 338 858** ✓ (4)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



2.4 **Bespreek kortliks die prysbeleid en parastatale as probleme van die publieke sektor voorsiening.**

Prysbeleid:

- Staatsbeheerde ondernemings werk nie binne die markstelsel van vraag en aanbod nie
- Dit skep probleme in bepaling van die prys vir publieke goedere en dienste in vergelyking met die privaatsektor waar die prys deur vraag en aanbod bepaal is
- Die staat stel die pryse van goedere vas op die volgende maniere:
    - Gratis: voorsien gemeenskap of kollektiewe goedere soos polisie of gesondheid wat algeheel befonds word deur styging in belasting wat ‘n las op belastingbetalers plaas
    - Gebruikersfooie: bv. Tolpaaie, 'n fooi word gehef op die verbruiker
    - Subsidies: owerheid mag gebruiker belas teen 'n verminderde fooi
    - Dit is moeilik vir die owerheid om die korrekte pryse te bepaal

(Maks 4)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde, 1 maks )

Parastatale:

- Diensverskaffing deur parastatale soos Eskom en Transnet het lei tot monopolieë
- SBO's word geskep as die owerheid 'n nuwe besigheid begin of 'n bestaande besigheid nasionaliseer
- Hierdie tipiese monopolieë is bekend vir hul hoë pryse waar die verbruiker geen sê het nie
- Ondoeltreffendheid in dienslewering soos SAA het gelei tot ongereelde dienslewering en 'n vermorsing van staatsinkomste
- Infrastruktuur is meestal verskaf deur die owerheid en instandhouding ontbreek soms (Maks 4)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde, 1 maks)

**Kandidate moet die uitdaging wat die staat ervaar aandui, omrede die staat nie ‘n marksisteem het wat pryse bepaal nie (2 punte). Die ander twee punte kan toegeken word vir enige ander feite verwant tot die onderwerp.** (8)

2.5 **Bereken die verandering in totale inkome, as daar 'n R20 miljard inspuiting van in die ekonomie is met 'n marginale spaargeneigdheid van 0.3. Toon hoe die vermenigvuldiger-effek die owerheid kan beïnvloed om meer werk te skep. Toon ALLE berekeninge.**

- Berekening:
  - Inspuiting = R20bn
  - msg = 0.3
  - Vermenigvuldiger = $\frac{1}{\text{mps}}$

    = $\frac{1}{0.3}$ ✓

    = 3.3 ✓
  - Verandering in nasionale inkome = R20bn x 3.3 ✓

    = R66 miljard / R66.6 / R67✓ (Maks 4)

- Werksgeleenhede wat hier geskep word sal lei tot hoër inkomste en besteding in die ekonomie wat sal bydrae tot nog werksgeleenthede,(aanslaan-effek) ✓✓
- Die staat kan belasting verminder, wat meer geld in die sakke van verbruikers plaas. Die addisionele geld sal deur die verbruikers bestee word wat werksgeleenthede sal skep✓✓
- Die staat kan maatskappybelasting verminder wat investering van arbeidsintensiewe produksiemetodes verhoog.✓✓ (Maks 4)

(8)

**[40]**

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Indien kandidate syfers gebruik om die effek aan te dui, moet hulle krediet kry)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES

3.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

3.1.1 **Gee enige TWEE regstellende beleide wat Suid-Afrika sedert 1994 gebruik het.**

- Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP) ✓
- Swart ekonomiese bemagtiging (SEB) ✓
- Breë-basis swart ekonomiese bemagtiging (BBSEB) ✓
- Regstellende aksie / Gelyke indiensneming ✓
- Grondherverdeling ✓
- Grondrestitusie ✓
- Onderwys ✓ (2 x 1) (2)

3.1.2 **Watter effek sal toenemende verstedeliking op die ekonomie hê?**

'n Ekonomie met stygende verstedeling ondervind:
- Gebrek aan dienslewering ✓✓
- Tekort aan skole en/of huise ✓✓
- Tekort aan grond ✓✓
- Stygende werkloosheid ✓✓
- Stygende bevolking in stedelike gebiede ✓✓
- Per capita inkomste styg ✓✓
- Dit help met die algehele ontwikkeling van die ekonomi ✓✓
- Die vraag na goedere en dienste mag lei tot 'n styging in die BBP ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Noem enige EEN landbouproduk wat na lande in die Noorde uitgevoer word.**

Melk / vleis / neute / koring / lemoene ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

3.2.2 **Gee enige rede vir die swak ekonomiese toestande van lande in die suide.**

'n Gebrek aan: vaardighede / kapitaal / investering / goeie onderwys / goeie regering ✓
(Aanvaar enige ander korrekt relevante antwoord) (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *noord/suidverdeling*.**

Verwys na ontwikkelde lande in die Noordelike hemisfeer en die ontwikkelende lande in die Suidelike hemisfeer, wat die onderskeid tussen die ryk lande in die Noorde en armer lande in die Suide ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.4 **Verduidelik *lewenstandaarde* van lande in die Noordelike Halfrond.**

- Reële BBP per capita is hoog in die noorde ✓✓
- Lewensverwagting is 75 jaar in ontwikkelde lande ✓✓
- Onderwys en geletterdheidsvlak is hoog in die noorde ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.5 **Watter positiewe impak het globalisering om die noord/suidverdeling te verklein?**

- Armoedevlakke kan verminder word in ontwikkelende lande deur verhoogde vaardighede en beter onderwys aan die werksmag ✓✓
- Om beter deelname aan die ekonomie te verseker in die gebruik van die nuutste tegnologie ✓✓
- Ekonomiese groei kan verbeter in ontwikkelende lande deur verhoogde produksie wat afgestem is op die internasionale mark ✓✓
- Produksie en handel fokus op grondstowwe wat geprosesseer word voor uitvoere daarvan ✓✓ subsidies toegeken in die landbousektor om te verseker dat genoeg grondstowwe vir verwerking in die vervaardigingsektor beskikbaar is ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

## 3.3 DATARESPONS

3.3.1 **Watter positiewe effek kan kleinsake-ontwikkeling op markte hê?**

Markte sal meer effektief en doeltreffend wees as 'n verskeidenheid besighede meeding / werksgeleenthede / beter pryse vir verbruikers ✓ (1)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

3.3.2 **Waarom is dit belangrik dat die owerheid finansiële hulp aan KMMO's verskaf?**

- KMMO's dra buitengewoon baie tot groei ✓
- Werkverskaffing in vergelyking met ander sektore ✓
- Om die eongelykhede van die verlede reg te stel / armoedeverligting✓
- Beskerm jong beginnende-nywerhede teen ondergang✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *ekonomies-aktiewe bevolking*.**

Sluit mense tussen die ouderdomme van 15 en 64 in wat wil werk en aktief besig is om werk te soek, en sluit mense in diens en werkloos in ✓✓ (2)


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

3.3.4 **Verduidelik kortliks hoe die departement van handel en nywerheid (DHN) kleinsake-ontwikkeling in Suid-Afrika ondersteun.**

- Deur werkskepping vir struktureel werklose mense ✓✓
- Fokus op aansporings vir klein sakeondernemings ✓✓
- Bevorder entrepreneuriese ontwikkeling tussen vroue en die jeug ✓✓
- Verskaffing van kapitaal, inligting en sake advies ✓✓
- Verskaf opleiding in die algemeen ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.5 **Hoe kan die vestiging van meer KMMO's in Suid-Afrika bevorder word?**

Meer KMMO's kan bevoordeel word deur:
- hulpverlening met navorsing en ontwikkeling in hul spesifieke gebiede van prestasie ✓✓
- verskaffing van befondsing ✓✓
- monitering van hul besigheid se werksaamhede deur verlening van ondersteuning ✓✓
- verskaffing van belastingaansporings ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

ÉcoleBooks

Enige (2 x 2) (4)

3.4 **Hoe kan die kritieke infrastruktuurprogram (KIP) en buitelandse investeringstoelae (BIT) nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika verbeter?**

Die owerheid gebruik die volgende aansporings om nywerheidsontwikkeling te verbeter deur:

**Kritieke Infrastruktuur Program**
- aanbieding van 'n toelae tussen 10% en 30% van die totale ontwikkelingskoste van projekte ontwerp vir die verbetering van infrastruktuur in Suid-Afrika **(KIP)** ✓✓
- versekering van voltooiing van projekte deur betaling van toelaes na voltooiing ✓✓ (Maks 4)

Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde, 1 maks)

**Buitelandse Investerings Toelaag**
- bystandverlening aan buitelandse beleggers wat in nuwe vervaardigingsaanlegte in Suid-Afrika wil investeer, deur betaling van 'n vaste aansporing **(BIT)** ✓✓
- dekking van die koste met hervestiging van masjinerie en toerusting van die buiteland ✓✓
- beskikbaarstelling aan enige geregistreerde maatskappy wat in die vervaardigingsektor wil funksioneer ✓✓ (Maks 4)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde, (8)

1 maks) (2 x 4)

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



3.5 **Evalueer die moontlike sukses van spesiale ekonomiese sones in Suid-Afrika.**

- SES-program poog om ekonomiese groei en industrialisering te bevorder en het alreeds beperkte sukses met industrialisering bereik ✓✓
- Meeste uitkomste van SES'e het die vervaardigingsektor uitgebrei en meer nywerhede geskep ✓✓
- Die Vervaardigingsirkel bloudruk om 1 miljoen werksgeleenthede in die volgende dekade in vervaardiging te skep, en die omskepping van die Vaaldriehoek in 'n SES ✓✓
- Konsepwetgewing het die basis daargestel vir 'n breër verskeidenheid nywerheidsparke en ekonomiese infrastruktuur het voorsiening gemaak vir effektiewe groepering van indiensneming ✓✓
- China se grootste motorvervaardiger (BAIC) het investeer in Suid-Afrika met 'n R11 miljard aanleg in Coega (SES) ✓✓
- SES'e het die siening verbreed wat deur NOS'e daargestel is, en in gevestig in alle provinsies en gebiede waar Suid-Afrika nywerheids-vestiging deur aansporings wou hê ✓✓
- Suid-Afrika het maatskappye met kennis oor internasionale markte gevoeg by die SES-program wat deel is van versnelde investering, indiensneming, opleiding en uitvoere ✓✓
- Die privaatsektor is toegelaat om voorstelle te maak vir nywerheidsparke, in plek te stel en te bestuur in lyn met die mikpunte van die SES ✓✓
- Private befondsing is gebruik om interne infrastruktuur te finansier wat verbind is met die nasionale logistieke infrastruktuur ✓✓
- Struikelblokke bestaan steeds soos wetgewing, konsekwentheid en in lyn met ander beleide, is die goedkeuring van ses spesiale ekonomiese sones in die 2018-begroting verwelkom ✓✓ (4 x 2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde) (8)
**[40]**

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

4.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

4.1.1 **Gee enige TWEE voorbeelde van produksie aanwysers.**

- Nominale BBP / BBP teen huidige pryse ✓
- Reële BBP / BBP teen konstante pryse ✓
- Per capita BBP ✓ (2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoekom verkies ontwikkelde lande die idee van vryhandel?**

- Vryhandel <u>verhoog mededinging</u> en <u>moedig innovering</u> in ontwikkelde lande aan wat oor die kennis beskik ✓✓
- Ontwikkelde lande het <u>vrye toegang tot hulpbronne</u> wêreldwyd, wat nodig is vir massaproduksie in uitgebreide markte ✓✓
- <u>Ontwikkelde lande word bevoordeel deur handelsooreenkomste</u> met arm lande ✓✓
- Vryhandel <u>verminder regulasies</u> (oor die beskerming van arbeid, omgewing en verbruikers) ✓✓
- Vryhandel verhoog die mag van multinasionale besighede ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer die kromme in die grafiek hierbo**

Laffer ✓ (1)

4.2.2 **Teen watter belastingkoers sal die owerheid se inkomste maksimeer?**

45% ✓ (1)

4.2.3 **Hoeveel inkomste sal die owerheid ontvang as die belastingkoers 100% is?**

Geen inkomste/zero ✓✓ (2)

4.2.4 **Watter uitwerking sal 'n daling in die belastingkoers van 65% na 45% op belastinginkomste hê?**

'n Daling in die belastingkoers sal lei tot 'n <u>styging in belastinginkomste</u> (van R175 to R200) deur mense aan te moedig om te werk ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


4.2.5 **Watter gevolge kan 'n 1% styging in BTW op die verskillende rolspelers in die Suid-Afrikaanse ekonomie hê?**

Die styging in BTW met 1% kan die rolspelers beïnvloed deur:
- verhoging in inkomste aan die owerheid as dieselfde/meer deur besighede en huishoudings spandeer word ✓✓
- 'n gevolglike val in uitset (produksie) omdat minder verbruikers dit kan bekostig om dieselfde goedere en dienste as tevore aan te koop ✓✓
- aanleiding gee tot 'n daling in bevrediging van behoeftes van veral arm verbruikers by aankoop van luukse goedere ✓✓
- aanleiding te gee tot 'n styging in belasting – veral die hoë inkomsteverdieners (luukse goedere) waar hulle verantwoordelik is vir 85% van BTW-inkomste ✓✓
- 19 basiese voedselitems is uitgesluit van BTW wat veral lae inkomste verdieners bevoordeel✓✓
- 'n daling in die verkope wat winste verklein✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Watter syfer dui daarop dat die BBP groeikoers nie voldoende was nie?**

–0,7% ✓ (1)

4.3.2 **Identifiseer die sektor wat die minste bygedra het tot die BBP hierbo.**

Tersiêre ✓ (1)

EcoleBooks

4.3.3 **Gee 'n rede hoekom handel so swak ten opsigte van die totale BBP presteer het.**

- Swak waarde van die rand ✓✓
- Onrus in sekere gebiede waar produksie gesetel lê ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 **Hoekom word slegs reële BBP-syfers gebruik om ekonomiese produksie wat in verskillende jare voorgekom het, te vergelyk?**

Reële BBP-syfers word gebruik om vergelykings te tref tussen verskillende jare, omdat die inflasiekoers verwyder is / syfers is nie opgeblaas nie ✓✓ (2)

4.3.5 **Wat kan die Suid-Afrikaanse owerheid doen om 'n beter ekonomiese groeiprestasie te verseker?**

Die owerheid kan 'n beter ekonomiese groei verseker deur:
- ontwikkeling van vergelykende prestasie standaarde ✓✓
- daarstelling van bereikbare teikens ✓✓
- versekering van voldoende en relevante infrastruktuur-ontwikkeling ✓✓
- versekering alle sektore in die ekonomie effektief aan vereistes voldoen ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.4 **Omskryf kortliks gesondheid as 'n sosiale aanwyser.**

- Kindersterftesyfers verwys na die aantal kinders wat sal sterf voor eenjarige ouderdom. Dis die enigste manier om die gesondheidsorg van 'n bevolking te meet ✓✓
- Onder-vyf mortaliteit verwys na die aantal kinders wat sal sterf voor die ouderdom van 5 jaar ✓✓
- Gesondheidsbesteding is die bedrag wat aan gesondheid spandeer word as persentasie van die BBP ✓✓
- Toegang tot veilig drinkbare water verwys na die persentasie van 'n bevolking wat redelike toegang tot veilig-drinkbare water het ✓✓
- Toegang tot sanitêre geriewe is die persentasie van 'n bevolking met ten minste redelike sanitêre fasiliteite waar kontak tussen mens, dier en insekte voorkom word. ✓✓

  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
  (Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote opnoem van feite – maks 4 / voorbeelde – 2) (4 x 2) (8)

4.5 **Hoe kan ontwikkelende lande die oorlewing van arbeidsintensiewe nywerhede in 'n globale ekonomie verseker?**

Arbeidsintensiewe nywerhede kan oorleef in ontwikkelende lande deur:

- beskerming van werksgeleenthede en loonvlakke deur beperkte onregverdige mededinging wat plaaslike nywerhede kan dwing om produksie te verminder en terug te sny op produksiefaktore ✓✓
- vermindering van lone en salarisse om mededingend in die internasionale mark te bly ✓✓
- vermindering in hoë vlakke van armoede en werkloosheid wat van kritieke belang is vir beskerming van werksgeleenthede ✓✓
- beskerming van arbeidsintensiewe nywerhede wat nie kan meeding met gevestigde buitelandse mededingers nie ✓✓
- beskerming van strategiese nywerhede bv. Die mynbou industrie wat nodig is vir langtermyn volhoubaarheid ✓✓

  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
  (Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.
Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

### VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE

- **Bespreek AL die kenmerke onderliggend aan vooruitskatting van sakesiklusse, uitgesluit die ekonomiese aanwysers. (26 punte)**
- **Waarom is dit belangrik om uiterste prysskommelings in sakesiklusse te voorkom? (10 punte) [40]**

**INLEIDING**

- Daar is 'n aantal tegnieke beskikbaar wat ekonome help om sakesiklusse te voorspel soos ekonomiese aanwysers ✔✔
- 'n Sakesiklus kan omskryf word as opeenvolgende periodes van inkrimping en uitbreiding van ekonomiese aktiwiteite ✔✔
- Die patroon van uitbreiding en inkrimping in totale ekonomiese aktiwiteit, gemeet as reële bruto binnelandse produk, toon sy algehele tendens ✔✔
- Die proses om voorspelling te maak oor veranderende toestande van toekomstige gebeure wat die ekonomie wesenlik kan beinvloed ✔✔

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 2)

**INHOUD: HOOFDEEL**

ÉcoleBooks

**Ekstrapolasie ✔**

- Data uit die verlede word gebruik waar vooruitskattings gemaak word oor die toekoms gebaseer op aannames verwant aan die neigings ✔✔
- Ekstrapolasie beteken om iets onbekend te beraam uit feite en inligting wat bekend is ✔✔
- Verlenging van die tendenslyn in die toekoms in, mag inligting verskaf oor iets wat mag gebeur ✔✔
- As 'n sakesiklus deur 'n trog beweeg het en 'n boom-tydperk binnegaan, kan voorspellers verwag dat die ekonomie sal groei in die maande wat volg ✔✔
- Ekstrapolasie tegnieke word somtyds gebruik om aandeelpryse in die toekoms te voorspel ✔✔
- Die neiging van die kromme moet gevolg word om die voltooide deel te komplementeer. Neem 'n berekende besluit om verby die vlak van die weerstandspunt te beweeg ✔✔

**Amplitude ✔**

- Dis die verskil tussen die waarde van totale uitset tussen die piek en trog gemeet van die tendenslyn tot die piek en trog ✔✔
- Amplitude toon die intensiteit van die opswaai en afswaai in ekonomiese aktiwiteit ✔✔

- Die amplitude toon twee dinge:
  - Die krag van onderliggende magte, bv. rentekoerse, uitvoere of verbruikerbesteding ✓✓
  - 'n Groter amplitude gedurende die opswaai toon sterk onderliggende magte wat lei tot langer siklusse ✓✓
  - Die omvang van verandering: hoe groter die amplitude, hoe groter die veranderings ✓✓

- Gedurende 'n opswaai, mag werkloosheid daal van 20% na 10% ('n daling van 50%)/ of inflasie kan styg van 3% tot 6% (dus 100% styging)/of 'n surplus op die lopende rekening (betalingsbalans) kan na 'n tekort verander ✓✓

**Tendenslyn** ✓

- Die tendenslyn toon die algemene rigting waarin die indekse beweeg wat gebruik word in sakesiklusse ✓✓
- As die ekonomie groei, is daar 'n opwaartse neiging, maar wanneer die ekonomie krimp, is daar 'n dalende neiging ✓✓
- Die neiging sal verander as die tydreeksdata hul gedragspatrone van die verlede verander ✓✓
- Weerstandpunte dui op kragte in die ekonomie wat herhaling van prestasie keer – ongunstige faktore moet verander of verwyder word vir groei om vorige tendense te oorskry ✓✓
- Dit het normaalweg 'n positiewe helling omdat die produksiekapasiteit van die ekonomie toeneem oor tyd ✓✓
- Kanale word gevorm as produksie-uitset voortdurend hoër draaipunte bereik (opwaartse kanaal) ✓✓

EcoleBooks

**Lengte** ✓

- Lengte word gemeet van piek tot piek of van trog tot trog ✓✓
- Langer siklusse toon sterker en korter siklusse wat swakpunte toon met betrekking tot ekonomiese aktiwiteite ✓✓
- Siklusse mag verbyskiet wat die effek het dat sommige saamgestelde aanwysers toeneem bo sy normale vlak ✓✓

**Bewegende gemiddeldes** ✓

- Hierdie metode bereken herhaaldelik 'n reeks verskillende gemiddelde waardes saam met 'n tydreeks om 'n gladde kromme te lewer ✓✓
- Dit word gebruik om die veranderinge in 'n tydreeks te ontleed oor 'n sekere tydsperiode ✓✓
- Om die effek van skerp fluktuasies in die sakesiklus te elimineer, kan ekonome bewegende gemiddeldes gebruik om sakesiklusse glad te stryk sodat dit as 'n reguit of effens geboogde lyn lyk ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 26)
(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)
(Kandidate verdien 2 punte wanneer hulle die amplitude, sikluslengte en tendenslyn op 'n grafiek aandui)


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**INHOUD: ADDISIONELE DEEL**

**Prysstabiliteit is belangrik om ekstreme fluktuasie in sakesiklusse te voorkom omdat dit:**

- bydra tot hoë vlakke van ekonomiese aktiwiteit en indiensneming ✓✓
- verbeter die deursigtigheid van die prysmeganisme omdat mense veranderinge in relatiewe pryse herken sonder om dit te verwar met die finale prys ✓✓
- mense toelaat om goed ingeligte verbruiksbesluite te neem ✓✓
- Buitelandse investering aanmoedig wat groei sal bevorder ✓✓
- Hulpbronne meer doeltreffend toedeel ✓✓
- Onproduktiewe aktiwiteite voorkom wat somtyds gebruik word om 'n mens teen die uitwerking van hoë inflasie te beskerm ✓✓
- die risiko van deflasie sal voorkom wat dit moeiliker maak om die nodige beleide te implementeer. ✓✓
- Implementeer inflasieteikens, dit verminder die verwringing van inflasie, deflasie wat die die verwringende impak op ekonomiese gedrag van belasting en maatskaplike veiligheid vererger ✓✓
- Voorkom die lukrake herverdeing van rykdom en inkomste wat ontstaan as gevolg van onverwagte fluktuasies ✓✓
- Hou rentekoers onveranderd om voortgesette groei in die ekonomie te verseker sonder enige groot fluktuasies ✓✓
- Pas die kontantreserwevereiste aan wat banke sal verplig om geld / krediet in sirkulasie te beperk ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoorde) (Maks 10)

**Kandidate kan die antwoord hierbo op ‘n negatiewe wyse uitdruk wanneer daar geargumenteer word:**
**as prysstabiliteit nie bereik is nie sal daar bv. lae vlakke van ekonomiese aktiwiteit en indiensneming wees.**

**SLOT**

Beleidmakers moet al hierdie aanwysers noukeurig dophou omdat eksterne faktore baie belangrik is vir Suid-Afrikaanse sakesiklusse ✓✓
Verskillende metodes kan gebruik word in vooruitskatting, soos die kwantitiewe metode wat gebaseer is op wiskundige modelle of kwalitatiewe metodes wat gebasseer is op langtermyn vooruitskattings✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde slot) (Maks 2) **[40]**

## VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES

- **Bespreek die vraagkantbenadering in die bevordering van ekonomiese groei. (26 punte)**
- **Evalueer die sukses van die uitgebreide publieke werkeprogram om armoede en werkloosheid te verminder. (10 punte)** **[40]**

### INLEIDING

Die vraagkant-benadering behels diskresionêre veranderinge in die monetêre en fiskale beleide in wat ten doel het die veranderende vlakke van totale vraag en aanbod ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) Maks (2)

### INHOUD: HOOFDEEL

Internasionale beste praktyke argumenteer dat ontwikkelende ekonomieë hulle ekonomie so sal bestuur dat dit ekonomiese groei sal skep✓✓
Dit sal maatskaplike transformasie, die skepping van menslike kapitaal en die herverdeling van inkomste abevorder ✓✓
'n Vraag-kant-benadering raak diskresionere verandering in monetere en fiskale beleide met die verandering in die totale vraag as oogmerk ✓✓

- Monetere beleid word deur die Suid-Afrikaanse Resrewebank gedryf ✓✓ Dit word gebruik om rentekoerse en die aanbod ven geld te beinvloed ten einde pryse in die ekonomie te stabiliseer✓✓ eBooks
- Fiskale beleid word deur die Departement van Finansies gedryf ✓✓ Hul oogmerk is om die staat se politieke en ekonomiese doelstellings te fasiliteer✓✓Die staat kan fiskale beleid gebruik om belastings en staatsbesteding te verander wat ekonomiese groei en ontwikkeling kan bevorder✓✓

**Monetêre beleidsbenadering ✓**

- Die monetêre beleid benadering bestaan uit besluite deur die sentrale bank as deel van die monetêre owerhede om rentekoerse en geldvoorraad in die ekonomie te beïnvloed, deur implementering van inflasieteikens soos vasgestel deur die owerheid ✓✓
- Die sentrale bank bestuur die beskikbaarheid van geld deur middel van opemarktransaksies en kontantvereistes ✓✓
- Bestuur die koste van geld deur middel van rentekoerse ✓✓
- Variasies in die vlakke van rentekoerse verhoog of verlaag die koste van krediet en bepaal die hoeveelheid geld deur die werking van die geldvermenigvuldiger ✓✓
- Wanneer variasies in wisselkoerse gerig op verandering in die ruilvoet, gebruik word as 'n hulpmiddel om veranderinge in die hoeveelheid mee te bring ✓✓

Die Suid-Afrikaanse monetêre beleid implementeer die vraagkant-benadering deur:

**Kontrole van die repokoers ✓**
Om rentekoerse te beïnvloed wat handelsbanke aanbied om:

- kredietskepping te beïnvloed deur krediet duurder of goedkoper te maak ✓✓
- wisselkoerse te stabiliseer deur kapitaalinvloeie en -uitvloeie aan te moedig om verantwoordelikheid te aanvaar vir 'n tekort of oorskot op die lopende rekening van


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



die betalingsbalans ✓✓

**Hanteer opemarktransaksies** ✓

- Om bankkrediet te beperk, verkoop SARB sekuriteite en wanneer die banke hierdie sekuriteite koop, vloei geld van die banke na SARB ✓✓
- Die banke het dan minder geld om uit te leen en kan nie meer dieselfde krediet as voorheen toestaan nie ✓✓
- Om kredietskepping aan te moedig, koop SARB sekuriteite in die opemark. Geld vloei dan terug na die bankstelsel ✓✓
- Banke gebruik geld om geld te skep ✓✓

**Morele oorreding** ✓

- Die SARB gee raad aan banke en oorreed hulle om op te tree op 'n wyse wat wenslik is in terme van die ekonomiese toestande wat op daardie tydstip voorkom ✓✓
- Die oorreding is dikwels gekoppel aan die transaksies deur SARB in die geldmark ✓✓ bv. die koop en verkoop van wissels en verbande ✓
- As die banke tegemoetkomend is in verlenging van krediet, kan SARB hulle versoek om minder toegeeflik te wees. Tegelykertyd kan dit waardepapier in die mark verkoop en oorskot likiditeit uitput sodat banke minder geld beskikbaar het vir lenings ✓✓

**Suid-Afrika se nasionale begroting is die belangrikste werktuig om die fiskale beleid voort te dryf en implementeer die fiskale beleid deur:**

**Progressiewe persoonlike inkomstebelasting** ✓

EcoleBooks

- Die hoër verdieners van inkomste word belas teen hoër koerse as die laer inkomste verdieners ✓✓
- Hierdie belasting word gebruik om sosiale ontwikkeling te finansier / die armes word meer bevoordeel as dié met 'n hoër inkome ✓✓

**Welvaartbelasting** ✓

- Eiendom soos huise, kantore en fabrieke in stedelike gebiede word jaarliks belas ✓✓
- Oordragskoste word betaal as eiendomme gekoop of verkoop word ✓✓
- Kapitaalwinsbelasting word gehef op winste verdien uit die verkope van kapitaalgoedere soos eiendom en aandele ✓✓

**Kontantvoordele** ✓

- Ouderdomspensioene, ongeskiktheidstoelae, kinderondersteuningstoelae en werkloosheidversekering is belangrike kontanttoelaes ✓✓
- Dit staan ook bekend as bestaansbeveilingstoelaes ✓✓

**In natura voordele** ✓

- Dit sluit die verskaffing van gesondheidsorg, onderwys en maatskaplike etes, beskerming, munisipale dienste en infrastruktuur in ✓✓
- Waar gebruikerstariewe gehef word, sal arm mense en lae inkomeverdieners bevoordeel word bo ander omdat hulle geen of kleiner betalings maak as hoë inkome verdieners ✓✓
- Beperkte hoeveelhede elektrisiteit en water word voorsien ✓✓

**Ander herverdelings** ✓

- Sommige mikro-ekonomiese beleide het arm en lae inkome verdieners bevoordeel✓✓ deur bv. UPWP, KIP, KMMO's ✓

**<u>Grondherverdeling en -restitusie</u>** ✓
- Die doelwit van grondhervorming is om grond terug te gee of kontant te betaal aan diegene wie hul grond verloor het as gevolg van die kriminerende wette en praktyke na Junie 1913, terwyl grondherverdeling fokus op grond vir residensiële doeleindes en produktiewe gebruik ✓✓
- Die mikpunt is om landbougrond aan voorheen benadeelde persone te herverdeel ✓✓

**<u>Eiendomsubsidies</u>** ✓
- Subsidies help begunstigdes om eienaarskap te verkry van vaste residensiële eiendom ✓✓
- Die owerheid se behuisingsubsidie-skema verskaf befondsingopsies aan almal wat daarvoor kwalifiseer en minder as R3 500 verdien / die geld vir hierdie skema word uit die hoofbegroting toegeken ✓✓

**<u>'n Ander benadering kan die volgende insluit:</u>**

**Verbruiksbesteding deur verbruikers** ✓

- **Styging in produksie** ✓
  - 'n Styging in die produksie van goedere en dienste lei tot 'n styging in die besteebare inkomste van die verbruikers ✓✓
  - Stygende produksie kan ontstaan as gevlog van stygende owerheidsbesteding, groter beleggingsbesteding deur besighede of verhoogde uitvoere ✓✓

ÉcoleBooks

- **Owerheid se fiskale beleid** ✓
  - Die owerheid verminder inkomstebelasting of indrektebelasting soos aksynsbelasting op drank en tabak ✓✓

- **Owerheid se monetere beleid** ✓
  - Deur die vermindering in rentekoerse word die koste van krediet verminder / huishoudings kan nou bekostig om meer geld te leen, wat hulle besteebare inkomste asook besteding verhoog ✓✓

- **Owerheid se programme om basiese behoeftes te bevredig** ✓
  - Die staat kan arm huishoudings bystaan om hul basiese behoeftes vir skoon water en gesondheidsorg te bevredig(ekonomiese groei / ontwikkeling) ✓✓

- **Belegging deur firmas / besighede**
  - Dit behels beleggings in fabriekgeboue, masjinerie en gereedskap dit word kapitaalskepping genoem ✓✓
  - Hierdie beleggings vergroot di produksiekapasiteit van besighede en die ekonomie ✓✓
  - Beleggings verminder werkloosheid wat tot ekonomiese ontwikkeling bydra ✓✓
  - Die staat bele in infrastruktuur soos transport en kommunikasie om besighede te ondersteun ✓✓

- **Owerheidsbesteding in die ekonomie**
  - Die staat beplan sy uitgawes op openbaredienste en ekonomiese aangeleenthede om ekonomiese groei te verseker ✓✓



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



- Die staat beplan verder sy maatskaplike uitgawes op sosio-ekonomiese kwessies soos armoede ✓✓
- Die Uitgebreide Openbare Werke Program (EOWP) word gebruik om die probleme van werkloosheid en mense in die lae inkomstegroep aan te spreek ✓✓
- **Voorbeelde** sluit in die konstruksie van paaie, instandhouding van paaie en lae-koste behuising✓✓

- **Invoere en Uitvoere**
  - **Invoere** ✓ is belangrik vir die Suid-Afrikaanse ekonomie dit voorsien verbruikers met 'n wyer keuse van goedere en ienste ✓✓
  - Die wyer keuse van verbruikersgoedere en dienste lei tot ekonomiese groei en ontwikkeling ✓✓
  - Invoere voorsien ook belangrike kapitaal goedere en intermediere goedere soos masjinerie, toerusting chemikalie, petroleumprodukte en voertuigonderdele ✓✓
  - 'n Toename in ekonomiese groei lei tot 'n toena,e in invoere en 'n tekort op die betalingsbalans (lopenderekening✓✓
  - **Uitvoere** ✓ is deel van die binnelandse vraag, en verdien ekstra inkomste vir uitvoer firmas ✓✓
  - Ons uitvoere word gebruik om vir die land se invoere te betaal en dra by tot toenemende ekonomiese groei vir beheer van die betalingsbalans van 'n land ✓✓
  - Owerheids optrede om uitvoere te bevorder sluit handelsooreenkomste in asook die instandhouding van 'n realistiese wisselkoers en verskaf aansporings vir uitvoere ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 26)
(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)

**INHOUD: ADDISIONELE DEEL**

**Die uitgebreide publieke werkeprogram het armoede en werkloosheid verminder deur:**

- meer te fokus op <u>voorheen benadeelde groepe</u>, met die versekering dat maatreëls geïmplementeer word wat herverdeling en regstellende aksie in die werksplek en sake-omgewing te verseker ✓✓
- verbetering van <u>maatskaplike voordele</u> aan die gemeenskap bv. gesondheids-kwessies op te los ✓✓
- verbetering van die <u>lewenstandaard</u>, deur die werkers se uitkyk te verander en meer behoeftes te bevredig ✓✓
- <u>skepping van werksgeleenthede</u> vir armes en kwesbares, deur arbeidsintensiewe metodes te gebruik wat soveel moontlik mense kan akkommodeer ✓✓
- verhoging van <u>menslike vaardighede</u> wat hulle kan gebruik om werk te vind as hul werk in UPWP voltooi is ✓✓
- uitbouing van <u>toekomstige entrepreneuriese vaardighede</u> (KMMO's) wat sal bydra tot die oplos van grootskaalse werkloosheid ✓✓ (Maks 10)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoord)

**SLOT**

Volhoubare ekonomiese groei en ontwikkeling in 'n land is nie 'n gegewe nie, behalwe as die owerheid streng en effektiewe beleide in die bestuur van ekonomie toepas ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoërorde antwoord) Maks (2) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM